**MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 14 AUGUSTUS 2024**
**MOOT SENIORS, DINSDAG, 10 FEBRUARIE 2026**

**OPENBARING 1-3**

Openbaring is die hoogtepunt van die Bybel en voltooi die sirkel in God se plan vir die mens. Ongelukkig, soos met groot gedeeltes van die Bybel, het ons vandag leraars wat eenvoudig nie opgewasse is om sinvol hieroor lering te gee nie. Openbaring is nie 'n boek "waarvan ons niks verstaan nie en nie letterlik moet vertolk nie". Inteendeel, die verstaan van die boek is maklik as jy die struktuur verstaan. Openbaring is 'n boek van hoop. Ons begin hierdie week met hoofstukke een tot drie.

**Hoofstuk 1**

1. Dit is nie "die openbaring van Johannes" soos die opskrif van baie vertalings aandui nie maar die openbaring van Jesus Christus wat Hy aan Johannes gegee het, Openbaring 1:1.

2. Die doel van die boek is om aan te dui "wat gou moet gebeur", Openbaring 1:1.

3. Dit spreek hoop uit – salig is hy wat die woorde van die profesie lees en hoor, Openbaring 1:3.

4. Johannes skryf 'n dekbrief aan die sewe gemeentes in Asië, Openbaring 1:4. Hy noem dat Jesus

    a. ons liefgehad het; Openbaring 1:5;
    b. ons konings en priesters gemaak het, Openbaring 1:6;
    c. terug gaan kom en almal Hom sal sien, Openbaring 1:7; en
    d. die Alfa en Oméga is, Openbaring 1:8.

5. Johannes is ter wille van sy geloof verban na Patmos, 'n Griekse eiland aan die weskus van Turkye, en 'n Romeinse strafkamp vir politiese opponente, Openbaring 1:9.

6. Hy was besig om te bid, toe Jesus aan hom verskyn, Openbaring 1:10-11, en hom opdrag gee om sewe briewe in 'n boek te skryf (dus het al die gemeentes al die briewe ontvang) en aan die gemeentes te stuur. Ons lei dus af dat Johannes nie alleen op die eiland was nie en dit was moontlik om die boek by die gemeentes uit te kry.

7. Hy sien hoe die verheerlikte Jesus lyk, Openbaring 1:12-17.

8. Jesus verduidelik dat Johannes nie hoef te vrees nie, en dat Hy leef, Openbaring 1:17-18.

9. Johannes se opdrag is om die volgende te (be)skryf:

    a. **Dit wat hy gesien het** – die sewe goue kandelaars en die sewe sterre;
    b. **Dit wat nou gebeur**; en
    c. **Dit wat gaan gebeur** – dit wat Jesus hom gaan wys, 'n afgryslike toekoms wat ten doel het om Israel te suiwer voor die Koms van Jesus Christus, en om die ongelowige wêreld te oordeel. Sien ons studie oor Matthéüs 23-24 en Daniël 7 en 9.

10. Jesus dikteer die brief vir elke gemeente. Hy gee die positiewe en negatiewe eienskappe van elke gemeente, asook sy raad vir hulle. Die briewe sou uiteindelik baie meer gemeentes bereik.

11. Die laaste brief, die een aan die gemeente in Laodicéa, is tiperend van die moderne kerk van vandag, waar ons baie leer, en op onsself toepas, van elkeen van die sewe briewe.

12. Jou selfstudie is die volgende skakel: https://www.youtube.com/playlist?list=PLPOUA7GLxXIG-Cc84xHWAB9dw25R2Og3Y. Hierdie is 'n uitstekende reeks waar die aanbieder elke gemeente en stad bespreek en ek moedig jou aan om dit te kyk. Dit is visueel aantreklik en het baie geskiedkundige waarde. Gaan kyk dan ook hier:

    a. https://www.johnchapterthree.com/af/lesseuitopenbaring - Lesse uit Openbaring
    b. https://www.johnchapterthree.com/af/ditgaanallesoorgeld - Dit gaan alles oor geld!
    c. https://www.johnchapterthree.com/af/dieafvalligekerk - Die afvallige kerk

13. Ons gaan in meer besonderhede na die brief aan die gemeente in Laodicéa kyk.

In elkeen van die briewe aan die sewe gemeentes in Asië soos ons dit in Openbaring 2 en 3 lees, is daar dringende raad wat ek en jy vandag nie kan ignoreer nie. Kom ons kyk hierna:

1. Éfese - Bekeer jou en doen die eerste werke (Openbaring 2:5)
2. Smirna - Wees getrou (hou vas) tot die dood toe (Openbaring 2:10)
3. Pérgamus - Bekeer jou (Openbaring 2:16)
4. Thiatíre - Hou vas wat jy het (Openbaring 2:25)

5. Sardis - Bekeer jou (Openbaring 3:3)
6. Filadelfía - Hou vas wat jy het (Openbaring 3:11)
7. Laodicéa - Bekeer jou (Openbaring 3:19)

Die oproep om bekering word vier keer gedoen. Die oproep om vas te hou wat jy het, word drie keer gedoen. Kyk na hoe dit repeteer: bekeer; hou vas; bekeer; hou vas; bekeer; hou was; bekeer. Die boodskap is duidelik.

Wat vertel dit vir my en jou? Ses van die sewe gemeentes het in moeilike omstandighede gefunksioneer. Dit was net die gemeente in Laodicéa wat dit maklik gehad het en dit was tot hulle nadeel. Vir almal egter is die boodskap dieselfde: bekeer jou en hou vas aan wat jy het.

Kom ons verstaan die frases reg. "Bekeer jou" beteken nie jy is tans ongered nie. Jy is immers alreeds deel van die kerk. Dit het dus niks met wedergeboorte te doen nie. Wat dit wél beteken is dat jy jou van jou verkeerde optrede (sonde) moet bekeer en daarvan af wegdraai. Die tweede frase "hou vas wat jy het" verwys na daardie eerste liefde wat jy vir die evangelie gehad het. Dit is jou behoud en dit is waaraan jy moet vashou. Dalk is dit tyd dat ons die ander goed los waaraan ons so verbete vashou sodat ons genoeg hande het om aan ons eerste liefde vas te hou, soos Jesus aan die gemeente in Smirna dikteer. Sien Openbaring 2:4.

Soos wat die dae minder word en die tyd boser, onthou Jesus se woorde aan die sewe gemeentes, verteenwoordigend van die Kerk vandag. Indien jy dit nie doen nie, gaan lees in hierdie sewe briewe wat sy waarskuwing is vir diegene wie nie uitvoering aan sy opdrag gee nie.

**Hoofstuk 2 en 3**

In elke brief verskyn die volgende struktuur: “Ek ken jou werke...”; “Maar Ek het...”; “Wie ‘n oor het...”

| **Basiese les** | **Kerk/Gemeente** | **Kompliment** | **Klag** | **Wat nodig is** | **Beloning** |
|---|---|---|---|---|---|
| Brief 1: Onthou jou eerste liefde | **Éfese**, Opg 2:1-7 liefdelose kerk; naam beteken wenslik, lieflik | Verwerp boosheid; volhard; het geduld; haat vals volgelinge | Liefdelose werke; vergeet jou eerste liefde; liefde vir Christus verloor | Herontdek jou eerste liefde en jou kern missie | Sal eet van die boom van die lewe |
| Brief 2: Geseënd is die vervolgdes; hulle leer die meeste oor liefde | **Smirna**, Opg 2:8-11 vervolgde kerk; naam beteken soet geur, mirre; vandag die hawestad Izmir | Dra vervolging waardiglik; “tien dae” (letterlik ‘n kort periode) | Geen negatiewe opmerking word teenoor hierdie gemeente gemaak nie | Wees getrou tot die dood toe | Kroon van die Lewe; ontkom die tweede dood |
| Brief 3: Stel jou kerk op ‘n rots | **Pérgamus**, Opg 2:12-17 Kompromie; naam beteken hoogte, elevasie | “jy hou vas aan my Naam, en jy het nie jou geloof in my ontken nie” | Maak kompromieë; verduur afgodery en kettery | Bekeer jou | Ontvang versteekte manna, wit keursteen, en ‘n nuwe naam |
| Brief 4: Wees wakker vir korrupsie | **Thiatíre**, Opg 2:18-29 korrupte / heidense kerk; naam beteken parfuum van arbeid / offers | jou liefde, geloof, diens en geduldige uithouvermoë | Korrup; verdra afgodery en onsedelikheid | Bekeer jou | Mag oor die nasies |
| Brief 5: Word wakker, en versterk wie oorbly | **Sardis**, Opg 3:1-6 dooie kerk; naam beteken ontsnap of oorblywend | Party het die geloof behou | Dooie kerk | Bekeer; versterk die wat oorbly | Wit kleredrag (reinheid); Boek van die Lewe |
| Brief 6: “voëls wat sweef en sing” | **Filadelfía**, Opg 3:7-13 getroue kerk; naam beteken broederliefde | Broederliefde; duur voort; eer Christus | Geen | Hou die geloof | Gees van die uur van beproewing; pilaar in tempel; naam van God |
| Brief 7: Geen lou kerke nie! | **Laodicéa**, Opg 3:14-22 lou kerk; naam beteken “volk”, “menseregte” | Geen. Die enigste kerk sonder kompliment. | Lou; nie warm of koud nie; arrogant en onverskillig; in ‘n ryk stad en sonder ywer | Wees ywerig en bekeer jou | Sit met Christus op die troon; eet saam met Christus |